higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

22 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

047Q1E2322

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem DRIE eienskappe van 'n dinamiese samelewing. (3 × 1) (3)

1.2 Hoeveel die sender van die boodskap wat hy/sy probeer stuur verstaan, is een van die uitdagings wat in die kommunikasieproses by die werk mag ontstaan.

Noem SES ander uitdagings wat suksesvolle kommunikasie kan beïnvloed. (6)

1.3 Noem VYF pligte as deel van 'n toesighouer se rol tydens die induksie van nuwe werknemers by die werk. (5)

1.4 Noem en verduidelik DRIE verskillende tipes griewe in die werkplek. (3 × 3) (9)

1.5 Gee EEN voorbeeld van elk van die griewe wat in VRAAG 1.4 genoem is. (3)

1.6 Noem VIER bestaande vakbonde in Suid-Afrika. (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Noem VIER beginsels van ’n begroting. (4)

2.2 Konflik by die werk kan 'n probleem word.

Noem DRIE beginsels wat werknemers sal help om konflikprobleme by die werk te oorkom. (3 × 1) (3)

2.3 Noem VYF punte wat met goeie samewerking tussen toesighouers sal help. (5 × 1) (5)

2.4 Die dood van 'n geliefde kan prestasie by die werk beïnvloed.
Noem VYF ander situasies waar berading in 'n organisasie nodig is. (5)

2.5 Mense kan in baie situasies gefrustreerd raak.

Noem VYF bronne van frustrasie en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

2.6 Skryf die volgende afkorting voluit:

Wet op BGV (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Noem VIER omstandighede waaronder werkers nie mag staak en nie deur werkgewers uitgesluit mag word nie. (4)

3.2 Noem die VIER belangrikste industriële gebiede in Suid-Afrika. (4)

3.3 Verduidelik die Wet op BGV, Nr. 85 van 1993 aangaande die werk met masjinerie terwyl onder die invloed van alkohol en/of dwelms. (5)

3.4 Ongelukke kan in sewe kategorieë verdeel word. (5)

3.4.1 Noem VYF van hierdie kategorieë.

3.4.2 Noem VYF betekenisvolle oorsake van ongelukke wat nie met die werk verband hou nie.

(5)

3.5 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte opsie uit dié tussen hakies te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Stel 'n 3.5.1 (daaglikse/maandelikse) begroting slegs vir jou behoeftes op. Hierdie begroting moet die basiese goed soos 3.5.2 (skuiling/lug), 3.5.3 (voedsel/bier) en 3.5.4 (sosialisering/vervoer) insluit.

Stel doelwitte vir die goeie bestuur van jou 3.5.5 (geleenthede/finansies) en verseker dat daardie doelwitte 3.5.6 (spesifiek/baie algemeen) is en dat dit ook 3.5.7 (meetbaar/diskresionêr) is.

Jou doelwitte moet tydsgebonde wees. Bepaal 'n datum wanneer dit moet gebeur. Selfs al kom jy hier en daar 3.5.8 (betalings/mylpale) nie na nie, kan jy weer op dreef kom deur jou persoonlike finansiële doelwitte en strategieë 5.3.9 (gereeld/een keer per jaar) te 3.5.10 (spaar/hersien).

(10 × 1) (10)

3.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.7) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.6.1 Die mark is vir 'n entrepreneur baie belangrik.

3.6.2 Interpersoonlike verhoudings behels nie die volle omvang van menslike kontak tussen individue wat in kommunikasie-, samewerkings-, veranderings-, probleemoplossings- en motiveringsverhoudings staan nie.

3.6.3 Mans beskou hulself nie as broodwinners (voorsieners) nie.

3.6.4 'n Brandwond is 'n besering wat veroorsaak word deur droë hitte soos 'n vlam, warm metaal of elektrisiteit.

3.6.5 SAMRK staan vir die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

3.6.6 Maslow se behoefteshiërargie behels drie behoefteskategorieë.

3.6.7 Organogramme is duidelike verteenwoordigings van maatskappye se strukture.

(7 × 1) (7)
[40]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou